## Skryftekens

Die **koppelteken** word gebruik in samestellings wat moeilik leesbaar kan wees en gevolglik om verwarring uit te skakel:

- By opeenhoping van vokale, bv. **bo-op**, **asma-aanval**
- Waar woorde herhaal word, bv. **lag-lag**
- Samestellings waar dele met **-en-** verbind word, bv. moord-en-roofeenheid
- Samestellings met **-hulle**, bv. **Ouma-hulle**
- Samestelling met ’n afkorting, syfers of simbole, bv. **BTW-prys**, **30%-kans**, **C-span**
- Woordgroepverbindinge, bv. **oor-en-weer-skietery**
- Geografiese name, bv. **Graaff-Reinet**
- Eiename gekoppel aan soortname, bv. **Hertzog-prys**
- Samestellings waar die eerste deel van die woord aan ’n ander taal ontleen word, bv. **ad hoc-komitee**.

4. In die volgende sinne is die koppeltekens weggelaat. Skryf die woorde wat wel met koppeltekens geskryf behoort te word, korrek neer.

   a) Die beeste op sy plaas het almal bek en klouseer.

   ______________________________

   b) Almal was sommer vroeg vroeg op en aan die gang.

   ______________________________

   c) Wanneer hy sy sussie naaap, word sy baie kwaad.

   ______________________________

   d) Ek het ’n R200 noot verloor.

   ______________________________

   e) Sy is op pad na die OR Tambo lughawe.

   ______________________________

   f) Die A klas het die kompetisie gewen.

   ______________________________

   g) Die lekkergoed en koeldrankstalletjie maak baie geld.

   ______________________________


© Oxford University Press Southern Africa

5. Herskryf die paragraaf en voeg die koppeltekens korrek in.

> Die Graad 7 klas het die Mandela fondsinsamelingsprojek se kompetisie gewen. Die ander klasse is nou baie spyt oor hulle nie omgee houding en het die funksie in die groot Ngoma saal traag traag bygewoon. Die geld wat ingesamel is, gaan na die kinderhuis in Schweizer Reneke.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

**Wenke**

Maak seker dat jy die verskil in betekenis verstaan as die koppelteken as weglatingsteken gebruik word, bv. **meervouds- en verkleiningsvorm**. Die koppelteken staan in die plek van **vorm**. Hier word dus na twee soorte vorms verwys. Teenoor **tamatie-en-uie-sous**. Hier word verwys na een soussoort met tamatie en uie daarin.

6. Skryf die woorde oor en voeg die koppeltekens korrek in.

a) 10 liter houer ______________
b) traak my nie agtige houding ______________
c) sink en houthuisie ______________
d) Model C span ______________
e) seeeende ______________
f) Graad 3 leerders ______________
g) JF Kennedy gedenksaal ______________
h) tref en trapongeluk ______________
i) Wes Afrika ______________
j) medeerfgenaam ______________
k) .22 geweer ______________
l) B.Com graad ______________
m) ex gratia betaling ______________

**Wenke**

Onthou: As jy skryf soos jy op jou selfoon tik, gaan jy baie punte vir spelling verloor, bv. My **pale** kom my 6 uur haal. × – My pa-**hulle** kom my 6 uur haal. ✓

© Oxford University Press Southern Africa